# Die Storie van 'n Jong Seun se Offer...

Annemarie Pretorius het in die hartjie van die winter by Victoriabaai 'n Konferensie gereël. Omdat daar nie normaalweg baie besoekers in die winter is nie, het sy goedkoop akkommodasie vir ons gekry en die tent is sommer op die strand opgeslaan. Die heel eerste aand toe ons daar kom, was daar baie jongmense. Net toe ek die tent instap, sê sy: “Neem jy vir ons die offerande op.” Ek neem toe maar die offerande op en getuig hoe die Here onderneem vir ons Sendingwerk aangesien ek nie 'n eie gemeente, kerk of Sendingraad het wat fondse voorsien nie. Ek het 20 jaar lank 2 keer elke jaar na Afrikalande gegaan en daar konferensies gaan hou. Ek het net getuig van die goedheid en getrouheid van die Heer. Die offerande van daardie betrokke aand sou net aangewend word vir die koste van dáárdie Konferensie.

Die volgende dag sit ek in my kamer. Skielik is daar 'n klop aan die deur. Toe ek die deur oopmaak, staan daar 'n 15-jarige seun. Hy het bloedrooi hare en 'n sproetgesig. Hy sê vir my: “Tannie, ek het net vir jou iets gebring vir jou Sendingwerk.” En hy gee my 'n koevert.

Ek vra hom: “Nou wie moet ek bedank - vir jou of vir jou pa?” Ek weet mos nie waar die geld vandaan kom nie. Hy sê: “Nee Tannie, vir my.” Toe sê ek: “Nou ja, baie dankie. Die Here seën jou.” En so is hy daar weg.

Toe ek die koevert oopmaak, is daar 'n duisend Rand in! Ek gaan na Annamarie toe en vra haar: “Annamarie, waar kry die kind 'n duisend Rand om vir my te gee?” Sy sê vir my: “Jong, hy is een van die middelste kinders van 'n arm wit familie. Hulle is tien kinders en die man verdien baie min geld.”

Sy weet nie waar hy die geld vandaan gekry het nie, maar sy gaan uitvind. Sy naam is Nardus. Vir my was dit 'n ongewone naam vir 'n seun. Dit het my laat dink aan die vrou wat so onselfsugtig die kosbare nardussalf oor die voete van Jesus gegooi het.

Die volgende dag kom sy terug na my en sê: “Weet jy wat? Die kind is 'n kundige klein entrepeneur. Hy maak rotvalle en kan nie voorbly soos die korporasies dit koop nie. Die duisend Rand het hy uit sy eie bankrekening getrek om vir jou Sendingwerk te gee.” Toe dink ek - hy is 'n 15-jarige seun. 'n Duisend Rand is te min vir al die goed wat jong kinders nodig het en vir wat hulle graag wil hê. Daar is tien kinders in die huis en by die Konferensie het ek gesien dat hulle maar baie beskeie geklee was. Daardie duisend Rand wat die seun vir my kom gee het, was 'n baie groot offer! Hy het dit nie vir sy eie boeties en sussies gegee wat dit so nodig gehad het nie!

Toe ek hom die volgende dag weer te siene kry, sê ek weer vir hom: “Jong, die Here gaan jou seën.” Daardie aand het ek vir hom gebid en die Here het hom met die Heilige Gees gedoop. Die volgende dag het Pastoor Slabbert Pretorius hom en 'n groepie jongmense in die ysige winterkoue in die oop see gedoop. Hierna het ek weer van Victoriabaai huis toe vertrek.

'n Jaar later het ek weer vir Annamarie gesien en die eerste ding wat ek haar gevra het, was: “Hoe gaan dit met Nardus?” Sy vertel my die volgende: By die plaaslike skool was daar 'n Wetenskap/Wiskunde Ekspokompetisie en Nardus en 'n maat het saam ingeskryf daarvoor. Hulle kom toe eerste! Daarna stuur die prinsipaal hulle na die Provinsiale Ekspo en daar wen hulle weer!

Nardus en sy maat moes hierna na Natal toe gaan om hul prys in ontvangs te gaan neem. Hulle het nie geld gehad nie, maar op 'n wonderlike manier het die Here vir hulle geld voorsien sodat hulle kon gaan. Sy prys was tienduisend Rand! Daarmee saam het hy 'n beurs ontvang om op Stellenbosch te gaan studeer. Daar was ook nóg tienduisend Rand se boekgeld daarby ingesluit, plus nóg tienduisend Rand se hardeware-artikels wat hulle vir hul rekenaars kon gebruik, asook 'n reis na Londen waar hulle twee hulle uitstallingsprojek moes gaan demonstreer!

Ek het later wéér van hom gehoor. Hy het matriek met 6 onderskeidings geslaag en later aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer waar hy nader aan sy ouers kon wees. Sy pa sou dit nooit kon bekostig om hom universiteit toe te stuur nie, maar die Here het wonderlik voorsien in al sy behoeftes. Hierdie storie van Nardus is een van die wonderlikste verhale in my bediening oor gee.

Vir my was die duisend Rand wat Nardus gegee het amper heilige geld en ek het regtig vir die Here gevra om vir my baie spesifiek te wys wat ek daarmee moes doen. Na baie gebed en oorweging het ek toe die geld in twee gedeel en vir R500 daarvan Herero-Bybels gekoop wat ons aan die Ovahimbas in die Kaokaveld van Namibië gaan uitdeel het met ons sendingtog daarheen. Die ander R500 het ek vir die Masaai-mense by ons volgende Konferensie in Masaailand gegee om kos mee te koop.

Terwyl Brenda Crompton daar besig was om te bedien oor gee, het sy my geroep en gevra om vir hierdie mense te vertel van die seun, Nardus, wat geld gegee het vir hulle kos. Toe ek dit vir hulle vertel - my tolk was 'n mediese dokter - het hy sommer op die vloer neergeval! Om te dink dat 'n kind uit Suid-Afrika vir hulle geld gestuur het vir kos! Dit was vir hulle geweldig kosbaar...

Kort vantevore het Geoffrey vir die pastoor vertel in watter haglike omstandighede die Christene in Zimbabwe lewe. Nadat ek klaar getuig het van Nardus se offer, het die pastoor opgestaan en gesê: Hierdie seun het vir óns kos gegee. Aangesien hy dit vir ons gedoen het, kan óns nou weer die Zimbabwiërs help. Kom ons neem vandag hier 'n offerande op waarmee ons hulle kan help. Ons het nou meer as die Zimbabwiërs.


En hulle het vorentoe gekom en gegee! Op daardie tydstip het jy 170 sjielings vir een Rand gekry. Sommige het 200 sjielings en 500 sjielings gegee. Naderhand het hulle begin om die lappe van hulle *ketenges* wat hulle om hulle skouers dra, te gee. Daar was 'n hele hoop! Een van die vrouens het toe aangebied om alles mooi te was en te stryk sodat ons dit kon saamneem na Zimbabwe.

Die meeste van die vrouens daar in die bos dra net die *ketenges*, maar daar was een vroutjie wat 'n pragtige Westerse pakkie aangehad het. Sy het vorentoe gekom en gesê: “Ek het net 200 sjielings, maar ek het hierdie pakkie en as iemand hierdie pakkie wil koop, dan sal ek die geld gee vir die Zimbabwiërs.”

Hulle het toe gebie op haar klere. Sy het haar klere van haar lyf af verkoop en die geld gegee vir die Zimbabwiërs. Sy het die klere gaan uittrek, 'n *ketenges* gaan aantrek en die pakkie gebring en vir die kopers. Dit het my hart baie diep geraak om te sien hoe hierdie mense GEE!

Ons het hierdie storie vertel by nog vier van die Konferensies wat ons in Masaailand gehou het. Later het ons na Zimbabwe gegaan met 300 Amerikaanse dollars plus 'n hele pak klere en ander artikels wat die Masaaimense, wat self so min gehad het, aan die Zimbabwiërs gestuur het. Dit het my hart week gemaak dat hulle so vrygewig was! Ons het so baie. As ek 'n paar skoene weggee, is daar nog tien paar in die kas, maar hulle het hul laaste paar skoene uitgetrek en vir ons gegee om weg te gee! Al die offerandes wat die mense in Afrika gegee het, het my baie diep ontroer. Wanneer jy sien hoe mense alles wat hulle gehad het - ses mieliekoppe en vier eiers - bring as offerandes aan die Here, kon jy nie anders as om diep daaroor na te dink en aangedaan te wees nie!

*- Hierdie is 'n uittreksel uit Stella Eilerd se boek, "Stella se Stories",* wat pas verskyn het.



Stella oorhandig een van die Bybels aan 'n Ovahimba-vrou in Namibië


## Bestel Stella se Boek!

Navrae: Stella Eilerd, (012) 807 3748 en 083 442 5734. Die boek verkoop teen R100.00 plus R30 posgeld en verpakking.

